

**13 Oktober**

**Skrifgedeelte: 2 Konings 1 (OAV)**

**Fokusgedeelte: 2 Konings 1:2**

### **Die vreemde God en sy mense**

Sommige mense beskryf God as 'n "vreemde God". Kan die God wat Homself in Skriftuur en natuur geopenbaar het egter 'n vreemde God wees? Hoe kan die God wat Abraham uit Ur van die Chaldeërs geroep het en met hom 'n verbond gesluit het 'n vreemde God wees? Hoe kan die God wat pragtige verbondsbeloftes gemaak, wie se beloftes gerealiseer het, en wat Hom as getrou en waaragtig bewys het - 'n vreemde God wees? Jesus het van dié God gesê: "Wie My gesien het, het die Vader gesien" (Joh 14). "Ek en die Vader is een" (Joh 10). Hoe kan Hy dan 'n vreemde God wees?

Hy kan 'n vreemde God wees vir diegene wat Hom nie wil ken nie. Die seun van die goddelose Agab en Isébel het die ware God ook nie geken en gedien nie (1 Kon 22:52-54). Vir Ahasia was die God van die verbond 'n vreemde God. Toe hy siek word, stuur hy 'n gesantskap na die god van Ekron, Baäl-Sebub, om by hom te verneem of sy siekte 'n siekte tot die dood is. Die uiteinde was die dood - hy het nie weer van sy siekbed opgestaan nie. So sal die uiteinde ook wees van diegene wat die God van die Skrifte nie wil ken nie en sy Seun nie as die enigste Verlosser wil aanvaar nie.

*Sing: Psalm 8:1*

*Ds PA Smit (Emeritus)*